Hoe om ’n blikkietelefoon te maak

Gebruik hierdie aktiwiteit vir kommunikasie, herwinning van blikkies of omgewingsbewaring.

Blikkiestelefone was ’n ou tradisionele speelding wat algemeen in die dertigerjare in Italië gevind is. ’n Telefoon het van die vroegste tye af ’n bekoring vir volwassenes sowel as kinders gehad ,aangesien dit in die beginjare net deur die ryk mense bekostig kon word. Hieruit het die idee gekom om ’n goedkoop speelding/variasie te maak met dit wat voor hande is.

? Stappe

1. Jy benodig twee leë blikkies en ’n lang stuk tou van ongeveer 15 meter lank.
2. Maak ’n gaatjie in die middel van elke blikkie. Druk die punt van die tou daardeur en maak ’n knopie aan die binnekant. ’n Mens kan ook die toutjie aan ’n stokkie vasbind sodat dit nie deur die gaatjie getrek kan word indien die tou styfgetrek word nie.
3. Wanneer die tou styfgetrek is, praat een persooon in die een blikkie en die ander hou die oop kant van die ander blikkie teen sy oor. Die gesprek kan dan begin.
4. Speletjies wat gespeel kan word is die volgende:
   Telefoontjie: Kinders sit in ’n kring. Een speler begin en fluister iets in die persoon links van hom/haar se oor. Nommer twee fluister dit wat hy/sy gehoor het in die volgende persoon links van hom/haar se oor. Hou so aan tot by die laaste persoon in die kring. Die persoon sê dan hardop wat die boodskap is. Gewoonlik kom ’n heeltemal ander boodskap by die eindpunt. Dit veroorsaak groot pret.
   Luisterspel: Een geblinddoekte speler staan in die middel van die vertrek en die ongeblinddoekte spelers staan aan die ander kant van die speelruimte. Hulle gaan in een groep links en een groep regs van die geblinddoekte persoon verby. Die geblinddoekte persoon moet dan sê hoeveel spelers links en hoeveel regs verbyloop. Die aantal wat verbyloop, moet telkens verskil. Noem hy die getal wat aan die een kant by hom verby is reg, kry die persoon 1 punt. Noem hy die getal wat links en regs by hom verby is, reg, verdien sy span 2 punte.
5. Gesels oor kommunikasie en misverstande. Dit is baie belangrik om te leer om te luister. Baie probleme ontstaan nie as gevolg van ’n gebrek aan kommunikasie nie, maar eerder ’n gebrek aan luister. Hoe kom ’n mens agter hoe iemand voel? Jy luister en kyk na die persoon se lyftaal.

☺ Wenke

1. ’n Groot genoeg spasie om die lengte van die tou reguit te kan trek tussen die twee persone is nodig.
2. Die klank trek beter wanneer die toutjie met kerswas of skoenpolitoer gesmeer word.
3. Blikkies met deksels werk goed, want dan is daar nie skerp snykante nie.

🕮 Bronne

1. *Is jy cool of common?* Elsabe Aldrich
2. *Speletjies van A – Z* Anna de Jager